# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**8201**
**Paper 1**

**Algemene opmerkings**

Hartlike dank aan al die taalonderwysers wat hard gewerk het om hul kandidate op standard en gereed vir die eksamen te kry.

Dit is baie belangrik dat u, as onderwyser, elke jaar die verslag deeglik bestudeer en aan alle aspekte van die sillabus aandag gee. Sommige kandidate se leesvaardighede was beter, soos geblyk het uit hul antwoorde, maar ongelukkig geld dit nie vir al die sentrums nie. Onthou: **LEES**, **LEES** en **LEES**, bly maar die sleutel tot ’n uitgebreide woordeskat en sukses in die beantwoording van ’n vraestel! Ons wil u herinner dat u moeite moet doen om tydskrifte vir u kandidate te gee.

**Aanbevelings**

Kandidate moet ook geleer word om nie die antwoorde net so uit tekste te lig nie. In sommige gevalle het kandidate tot 4 punte verloor omdat hulle antwoorde net so uit die teks gelig het. Kandidate is op die Gevorderde vlak, so daar word van hulle verwag om ’n goeie taalgebruik te het.

Kandidate moet ook aangemoedig word om te probeer alle vrae te beantwoord. By heelwat sentrums het kandidate vrae net oopgelos.

**AFDELING 1**

**Deel 1: 1 – 5**

**Vrae 1 – 5:** Die vrae is gemiddeld beantwoord deur die kandidate. Heelwat kandidate het tussen 3 – 4 punte in hierdie afdeling verdien. Daar was egter ook kandidate wat óf een óf geen punte gekry het. Onderwysers moet seker maak leerlinge kry blootstelling van hierdie soort vraagstelling.

Kandidate moet ook daarop gewys word dat vrae 1 – 5 in die tabel voorsien beantwoord moet word. By sommige sentrums het kandidate die letters omkring en het die tabel leeg gelos.

**Deel 2: Vrae 6 – 11**

**Vraag 6 (a) en (b):** Meeste kandidate het nie die vermoë om ’n sinsdeel te kan skryf en het sodoende punte verloor. Indien hulle die vraag korrek beantwoord het, het hulle die hele sin uit die teks gelig en dan die punte verloor.

**Vraag 7 (a):** Die vraag is goed beantwoord nie. Kandidate het die term “berugte” met “beroemde” of “berigte” verwar. Hulle het gedink dat dit iets positiefs is.

**Vraag 7 (b):** Die meeste kandidate het hierdie term uit die teks afgelei en kon dit beantwoord.

**Vraag 8 (a):** Baie min kandidate kon hierdie vraag korrek beantwoord. Kandidate het “berugte” met “beroemde” of “berigte” verwar.

**Vraag 8 (b):** Baie min kandidate kon hierdie vraag korrek beantwoord. Of wanneer hulle die vraag beantwoord het, was die antwoord baie vaag. Bv. Slange is kindervriendelik. Geen motivering word gegee hoekom “slange kindervriendelik” is nie.

**Vraag 9:** Baie kandidate kon die korrekte antwoorde uit die teks lig, maar dan het hulle 1punt verloor omdat hulle die antwoorde net so gelig het.

**Vraag 10 (a):** Heelwat candidate het gesukkel om hierdie vraag korrek te beantwoord. Dit blyk dat die woord “uitdaging” ’n problem vir hulle gewees het.

**Vraag 10 (b):** Weer eens was die antwoord uit die teks gelig wat veroorsaak het dat kandidate 1punt verloor het.

**Vraag 11 (a):** Die meeste candidate het hier 1/2 punte verdien. Kandidate het egter punte verloor omdat hulle óf nie volsinne gebruik het nie óf antwoorde uit die teks gelig het.

**Vraag 11 (b):** Die vraag is maklik beantwoord, maar punte is verloor omdat antwoorde uit die teks gelig was.

**AFDELING B – Gerigte skryfwerk**

**Vraag 12**

**Kandidate moes ŉ toespraak geskryf het om hulle medeleerders te oortuig dat die moderne tegnologie hul lewensgehalte kan verbeter.**

Die meerderheid kandidate het daarin geslaag om hierdie vraag te beantwoord. Kandidate moes relevante feite uit die teks asook hul eie idees in hul toespraak genoem het. Baie het net die feite uit die teks genoem.

Sommige kandidate het in plaas van ŉ toespraak ŉ opstel geskryf en sodoende punte verloor. In sommige gevalle was die aanspreekvorm en register te formeel in die toespraak. Kandidate skryf "Geagte Dames en here" in plaas van "Liewe medeleerders". Hulle gebruik ook die aanspreekvorm "u" in plaas van "jy" of "julle". In sommige toesprake was daar geen bewustheid van gehoor nie.

In baie gevalle is die slot weggelaat. Die gebruik van Engelse woorde, anglisismes en spelfoute was aan die orde van die dag. Sommige kandidate het ook die Engelse spelling van "tegnologie" gebruik terwyl dié woord deurgaans in teks voorkom. Idiomatiese uitdrukkings wat verkeerdelik gebruik was, het ook voorgekom. Dit het ongelukkig die kandidate se puntetoekenning beïnvloed.

By die taalgebruik het kandidate heelwat punte verloor omdat hulle die inhoud van teks woordeliks oorgeskryf het.